

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 231
(Januarie 1986)

God is goed en sy Naam is heerlik

* * * * *

"O HERE, onse Here, hoe heerlik is u naam op die
ganse aarde!"

(Psalm 8:2)

Bid . . . in nood

'n Groot man met 'n basstem . . . wat op sy knieë voor God in gebed verkeer!

Dit is die man van Psalm 6. Dawid dig hierdie lied vir 'n basstem.

— 'n fors man

— groot en fris met 'n helder basstem in gebed voor God!

Hy het diep gesondig.

Hy vrees God se toorn en straf.

Hy ervaar dit immers reeds in siekte en verdriet.

En dan sink hy weer neer op sy knieë en ons hoor sy basstem uitroep:

"Wees my genadig, Here" (vers 3).

"Neem my weer onder U sorg" (vers 5).

Geen mens verdien God se genade nie.

Geen mens het reg op God se liefde en barmhartigheid nie.

Nee, almal verdien pyn en siekte en straf — want almal is vol sonde . . .

— Daar is nie een wat regverdig is nie.

— Daar is nie een wat verstandig is nie.

— Daar is nie een wat na die wil van God vra nie.

— Almal het afgedwaal . . . (Rom 3:11, 12).

Ja, roep Paulus uit: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?" (Rom 7:24).

God, ja . . . in Christus Jesus ons Here!

- Hy verlos
- Hy skenk genade
- Hy red.

As Dawid dan in Psalm 6 moeg is van worsteling siek en sat en uitgeput van sorg en siekte en pyn . . . dan gaan hy op sy knieë en bid in 'n helder basstem:

"Wees my genadig Here!" en "neem my weer onder u sorg."

Hy bid ernstig . . . hy dring as't ware by God aan. Want Dawid sê dit in sy Psalm:

As hy sterf . . .

— dan verstyf sy lippe - te laat om dan te bid

— dan word sy hande slap - te laat om dan te wil werk

— dan kom sy voete tot stilstand - te laat om dan te wil ywer.

Daarom sy dringende gebed!

En God?

— Hy luister

— Hy hoor en verhoor

Dis soos Psalm 6 sê: "Ek het geroep . . . God het geluister ..."

In Jesus Christus hoor God elke gebed.

In Christus verhoor Hy, verlos Hy en red Hy!

Wat moet jy en ek dan doen? Bid . . . Glo . . . Vertrou . . .

- Bid elke dag en elke oomblik om God se genade, Sy sorg en Sy verlossing.
- Glo dat Christus vir jou gesterf het en jou sal verlos.
- Vertrou so op God dat Hy Sy Heilige Gees sal stuur om jou in jou swakheid by te staan en jou te help om nie meer te sondig nie.

Ds. Nico Ligthelm.

Die waterskeiding

Op hierdie aarde leef ons as gelowiges en ongelowiges saam met mekaar. Nou mag dit vir jou soms lyk asof die gelowiges verniet glo, want sommiges van hulle kry hier selfs swaarder as sommige ongelowige mense met al hul boosheid. Ons leef vandag juis in 'n wêreld wat deurtrek is van gruwelike en slinkse booshede.

- Bedrog en uitbuitery is al meer voorbladnuus. Hoeveel bedrog gaan nie nog maar onder die kometers voort nie? Hoeveel bedrieërs kom nie skotvry nie?
- Hoeveel booshede vind nie plaas binne en buite die huwelik nie?

In hierdie toestand waarin 'n mens byna deur al die booshede verswelg word, is mense soms daartoe geneig om die een boosheid met 'n ander boosheid teë te gaan.

Maar besef jy dat dit nie 'n ewige toestand is wat vir altyd so sal voortduur nie?

Besef jy dat God dit nooit so sal toelaat nie? Hy bewerk 'n waterskeiding tussen die opregtes en die goddeloses. In Psalm 7 leer ons die Here ken as Een wat die opregtes beskerm. Die digter bid dat God hom te midde van al die booshede gelyk sal stel en dat Hy 'n einde sal maak aan al die bose daade van die goddelose.

Die Here God is by uitstek die Een, maar ook die ENIGSTE EEN wat die goddeloses en die opregtes na reg van mekaar kan skei:

Hy is 'n regverdige Regter wat die skuldiges straf en die opregtes beskerm.

God het in Christus bewys dat Hy die opregtes help.

Hy doen eintlik meer as om hulle net gelyk te stel teenoor al die booshede:

Hy het sy Eniggebore Seun vir al hulle sondes laat sterf, sodat Hy as regverdige Regter hulle volkome vry kan spreek.

Die opregtes is almal wat God se liefde in Jesus Christus ervaar en nou in opregtheid in Hom glo en Hom ook liefhet. Wie nie in Hom glo nie en Hom ook nie as hul enigste toevlug neem nie, moet SELF die skuld op ALLE booshede en ongeregthede dra.

God trek soos 'n soldaat op teen hierdie skuldiges en straf hulle dodelik met sy swaard en sy boog en sy brandpyle.

- Niemand sal vry kom nie
- Niemand kom by God verby nie
- Hy deursien alles
- Hy toets selfs harte en niere
- Waar staan jy, as God met sy skild, sy swaard, sy boog en pyle staan om reg te laat geskied te midde van al die boosheid van hierdie wêreld?

Aan watter kant van die skeiding staan jy?

Jy moet weet dat God 'n beslissing kan maak sonder om ooit te fouteer.

Jy moet ook weet dat daar nie meer tyd is om uit te stel nie. Die Here het reeds aan Jesaja gesê: "Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak."

Verootmoedig jou voor God. Hy alleen veg die saak van die opregtes, maar straf die goddeloses en laat hulle getref word deur hulle eie boosheid.

Ds. Sarel Cilliers.

Roep die HERE aan

Psalm 8:2

Ons hoor so baie dat mense die HERE se naam, sommer so gebruik as 'n stopwoord, as 'n skelnaam, en as 'n uitroep.

Vir die gelowiges is dit anders. By die gebruik van die HERE se naam is dit in absolute aanbidding dat 'n kind van die Here, sy Naam gebruik

U sou nou vra: Wat is die verskil?

Vir die mens wat die HERE nie ken nie, is die gebruik van sy Naam dalk net 'n stopwoord om krag daarmee uit te druk. Of dit is 'n skelnaam om iemand sleg te sê.

Vir die gelowige is dit anders. Vir die kind van die HERE is dit die manier om aan God te sê — U besit my! Dit is wat die naam letterlik beteken. Hy is my Besitter en ek is Sy eiendom. Ek behoort aan Hom. Hy het my gekoop en baie duur vir my betaal!

Wanneer Dawid Psalm 8 dig, dan is sy aanhef iets besonder.

Dawid sê: “O Verbondsgod, ons Besitter, dit is heerlik om U Naam op die ganse aarde te kan, en te mag gebruik.”

Vir u en my is dit net so fantasties. Wanneer u en ek bid, is dit heerlik om hierdie Naam te gebruik. So is dit vir almal wat in die geloof bid.

Dit is inderdaad vir God se kinders heerlik om sy Naam, wat hulle mag gebruik, in 'n gebed te kan gebruik. Dit is alleen die voorreg vir Sy kinders. Elkeen kan nie sommer hierdie Naam gebruik nie — dit is bedoel vir sy kinders.

- Kan u nou sien wat die verskil is!

Kinders van God is Sy eiendom deurdat Jesus Christus aan die kruis daarvoor betaal het en dit vir ons moontlik gemaak het om kinders van God te mag wees. Wat 'n wonderlike voorreg om God se kind te kan wees!

U en ek kan dus reguit tot ons Hemelse Vader — God — bid, en ons kan Hom HERE noem!

Wanneer u bid, bid u tot God wat u HERE is?

Bid u soos Dawid en almal op die ganse aarde wat in Hom glo — “HERE onse Here, hoe heerlik is u Naam . . . ?”

'n Kind sal nie vir sy Pa iets vra as hy hom nie vertrou nie.

Dieselfde geld vir u en vir my - wanneer ons tot ons hemelse Vader bid, dan moet ons in die geloof bid - die VERTROUE IN HOM HÊ!

Om in die geloof te bid is om absolute vertroue in God te hê dat Hy die gebed sal hoor.

Dan bid u saam met die strydende kerk, dan bid u saam met almal in nood, dan bid u saam met almal tot God en u sê:

“HERE onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde” – selfs al is die Naam vir die ongelowige, die Satan, die goddelose 'n Naam tot verskrikking en vrees.

Vir u en my is dit heerlik, klink dit mooi, en is dit goed om te sê: O, HERE onse Here!

Ds. L. H. van Schaik.

God se krag in kindertaal

God is groot. Hy is so groot dat ons Hom in ons gedagtes nie kan omvat nie. Al sou ons aan ons grootste en heerlikste ervarings dink, weet ons nog nie om die grootheid van God te peil nie. Hy het sy majesteit op die hemele gelê (Ps 8:2b).

Terselfdertyd is ons so blind vir sy grootheid so naby aan ons. Sy grootheid is nie onkenbaar en onverstaanbaar nie. In Psalm 8:3 word gesê: "Uit die mond van kinders en suigeling het U sterkte gegrondves, om u teëstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak". Sy grootheid kom in die swakheid van kindertaal *na vore*.

Ons is so geneig om met slimheid en geleerdheid God te probeer ken. Juis omdat Hy te groot is vir ons slimmigheid kry ons Hom nie geken nie. Hy wil nie so aan ons bekend word nie. Sy krag kom in die kleine en swakke *na vore*.

Die apostel Paulus moes God so leer ken. Hy het 'n "doring in die vlees" ervaar wat hom swak gemaak het. Ons weet nie wat die doring was nie. Die doring moes hom swak maak vir 'n heerlike doel. Die Here sê ook hoekom Paulus swak moes bly:

"My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring".

Paulus aanvaar dit met dankbaarheid:

"Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon". (2 Kor. 12:8.) Paulus vertel ook dat die krag van sy verkondiging nie in menslike wysheid en geleerdheid en welsprekendheid was nie. Dit was juis as hy bang was dat die krag van God *na vore* kon kom. (1 Kor. 2:1—5.)

Kom ons kyk maar na die kindertjies. So klein, so swak en tog is die lewe in hulle. Geen mens kan lewe gee of bewerk nie. So 'n kind is 'n teken van God se mag om lewe te gee. In hulle kleinheid begin hulle praat. Hulle praat oor hulle klein behoeftes.

Hoe afhanklik is hulle nie?

Hoeveel vertrou spreek daar nie uit hulle praat nie? Hulle afhanklikheid wys op God wat groter is as ons behoeftes.

God vestig sy krag deur swakke mensetaal. Hoe kom mense tot geloof? Deur mensetaal.

Hoe word lewens verander? Deur mensetaal.

God vestig sy grootheid deur die swakheid van mensetaal. Eenmaal het hy sy krag so duidelik in die swakheid van 'n mens kom toon. Jesus Christus moes voluit mens word. Juis in die swakheid van Sy "mens-wees" het Hy die Satan en die dood oorwin. Juis as mens het Hy die gang van die ganse wêreldgeskiedenis verander. Hoe groot is God nie? Sy heerlikheid skitter deur die swakheid van 'n mens.

Ds. Pieter Odendaal.

Loof die Here, want Hy is goed

Jy weet, as 'n mens met jouself eerlik is, moet jy die volgende erken:

- God is vir ons uitermate goed
- Sy hand is vir ons wyd oop
- Hy oorlaai ons met ryke seëninge
- Hy verryk ons elke dag met talle gawes

Het jy al so daaraan gedink? Alles in die lewe, alles wat jy het en alles wat jy is kom uit die hand van die Here.

Dalk stem jy nie met my saam nie.

Jy sê die kos op jou tafel het jy met jou geld gekoop waarvoor jy hard gewerk het. Vir die hoofpyn het jy 'n pil gedrink. Toe jou lewe in gevaar was, het die dokter jou geopereer. By die bank het jy die geld geleen om die motor te kan koop. Dis jónú kos en jónú huis en jónú motor. Dis die medisyne en die operasie wat die pyn verlig het.

Maar kom sê nou vir my: Waar het jy die geld gekry om jou kos te kan koop? Jy sê dat jy daarvoor gewerk het. Wie het egter aan jou die gesondheid gegee om te kan werk? Ja, jy is reg: dis die Here!

Wie het aan die mense die verstand gegee om 'n pil te kan uitvind om jou hoofpyn te verlig! Jy is weer reg: dis die Here!

Hy het aan die mens die mag gegee om oor Sy skepping te heers.

“U laat hom heers. Tot aan die verste strande gebied hy oor die werke van U hande. U het, o Heer, dit onder hom gestel, dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.” (Ps 8:5 berymd.)

Voorwaar, die mens is tot wonderlike dinge in staat. Harte word oorgeplant, lewens word gered, die ruimte word ondersoek . . . Maar bo die mens staan die grote God. Hy laat die mens die groot hoogtes bereik.

Besef jy nou dat in al die dinge wat die mens in die lewe tot stand bring, jy die eer en heerlijkheid van God moet besing? Kinders en suigeling het die magtige werk wat die Here gedoen het, besing (Matt 21:15 en 16). Wil jy nie ook van hierdie kinderkoor deel word nie?

Jubel dit uit:

“Ja, daar is geen land so ver of woës geleë, geen strand, o Heer, of wilde waterweë, geen hemelsfeer in die oneindigheid — of orals blink u Naam en Majesteit.”

Sing dit uit: “o Here, U is vir ons goed. In alles wat in die lewe gebeur, daarin sien ek U hand raak.”

Moenie die grootheid van mense besing nie, besing die grootheid van God. Om dit te kan doen, vra geloof.

Glo jy?

Ds. Fanie Grobler.